

# PRO

# VERITATE

## INHOUD/CONTENTS

Geïgnoreer en Verwerp .....	1
The Nature of the Christian Faith .....	1
Inleidingsartikel/Editorial .....	5
Die Kerk Buite Suid-Afrika .....	6
Unity and Evangelism in "Separate Development" Society .....	7
The Local Church and Problems of Identity in a Multi-Racial Country .....	11
Africa Consultation .....	14
Persverklaring deur die Uitvoerende Komitee van die Christelike Instituut .....	15

CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA—CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA

Junie 15 June 1965

Jaargang IV, Nr. 2

By die Hoofskantoor as Nuusblad geregistreer.

5c

Intekengeld R1 Subscription

Volume IV, No. 2

Registered at the Post Office as a Newspaper.

# GEÏGNOREER EN VERWERP

„Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo — dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. En Ek het hulle die heerlijkheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is. Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle lief gehad het soos U My lief gehad het.” — Johannes 17 : 20 - 23.

Hierdie woorde eis ons noukeurige aandag indien ons ons geloof in Jesus Christus gestel het, want ons is die „hulle” vir wie Christus bid tot sy Vader. Ook kan ons hierdie gebed van Christus nie ignoreer nie omdat die gebed nog nie beantwoord is nie. Ons verdeelde kerke — die wêreld se onwilligheid om te glo dat die Vader sy Seun gestuur het en dat Hy hulle net so lief het as wat Hy sy seun lief gehad het — dit is die skandelige bewys dat ons Christus se gebed geïgnoreer het en dat ons nie is wat Hy begeeër dat ons sal wees nie.

Maar hierdie woorde doen nog meer as om die skandelige wyse waarop ons die wil van Christus vir ons geïgnoreer het en daardeur 'n skandalon vir die wêreld geskep het, bloot te lê. Die woorde sê vir ons dat Christus vir ons gebid het. Daarom is hulle ook woorde van hoop, want ons weet dat as ons iets vra volgens Sy wil Hy ons verhoor en dat ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het (1 Johannes 5:14-15); hoeveel te meer sal God die gebed van sy Seun verhoor en aan sy versoek voldoen! Laat ons dan noukeurig luister na die gebed van Christus sodat ons beoordeel en tegelykertyd deur Hom vernuut kan word: **„dat hulle almal een mag wees”**

Hier word **hen** gebruik in teenstelling met die onderdele waaruit die geheel saamgestel word. In die N.T. word **hen** gebruik om die liggaam van Christus te beskryf, die Kerk, die mense van die nuwe Verbond in sy bloed. Daar is slegs een nuwe Verbondsvolk (1 Kor. 10:17; 12:12; Ef. 4:4; Kol. 3:15); omdat daar net een God en

een Middelaar is (1 Tim. 2:5; Ef. 2:14-16); een Gees wat ons vrygemaak het van die wet van die sonde en die dood en getuig dat ons kinders van God is (Ef. 4:4; 1 Kor. 12:13; Rom. 8:2, 9, 14, 16); een doop waardeur ons toetree tot die Verbondsvolk (1 Kor. 12:12; Ef. 4:5); een brood wat 'n simbool

(Blaai om asseblief)

JAMES E. MOULDER.

## The nature of the Christian faith

— DR. S. H. RUSSELL.

Does one have to be a theist in order to be a Christian? Till the beginning of the 19th century this question would have appeared ridiculous, and it was only with the arrival of Schleiermacher on the theological scene that a negative answer could be hinted at as a possibility. Though his theology is perhaps ambiguous on this point, certainly one interpretation of it suggests that the object of Christian theology is the same universe of cause and effect presented by science, viewed more passively in the light of religious sentiment. While this interpretation of the nature of the Christian faith has never had more than the slightest of followings in the Church, the suggestion of a non-theistic Christianity had been made.

In the last year or so, it has again been made in different forms — with considerable ambiguity in the Bishop of Woolwich's 'Honest to God' and with far more scholarly acumen in Paul van Buren's 'The Secular Meaning of the Gospel'. In these discussions, it has been assumed

that the classical arguments for God's existence are invalid and largely irrelevant to the question in hand.

It is the purpose of this article to argue that these arguments do not prove the existence of God, yet they are of great significance  
(Continued on page 3)

## GEÏGNOREER EN VERWERP

(Vervolg van bladsy 1)

is van die eenheid in die Verbondsvolk (1 Kor. 10:17). Die lede van die Verbondsvolk is een in denke en gees met dieselfde liefde vir mekaar, dieselfde denkwyse, en staan in een gees vas, een van siel en een van sin (Fil. 1:27; 2:2); hulle beywer hulle soos een man vir die evangelie van Christus (Fil. 1:27; 1 Kor. 3:8-9); eendragtiglik uit een mond wil hulle die God en Vader van ons Here Jesus Christus verheerlik (Rom. 15:6); hulle bedien mekaar as lede van een liggaam in Christus (Rom. 12:5) en deel mekaar se verdrukking (Kol. 1:24). Die nuwe eensgesindheid wat hulle deur geloof in Jesus Christus deelagtig geword het, oorbrug die afbakings wat deur die wêreld daargestel word om mense te klassifiseer — die verskille van rasse, sosiale stand en natuurlike onderskeidende kenmerke het onbeduidende maatstawwe geword wat binne die Verbondsvolk toegepas word (Rom. 10:11; Gal. 3:29) waar daar geen onderskeid is nie want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die verdienste gereqverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is — die Here van almal wat ryk is oor almal wat Hom aanroep (Rom. 3:23-24; 10:11-12).

Dit is wat Christus vir ons begeer, en dit is dié gebed wat ons geïgnoreer het én Sy wil wat ons geminag het deur ons verdelde kerke, ons onbeduidende bepalings van ras en sosiale status, ons eksklusiewe aansit aan Sy tafel.

### „Soos U, Vader, in My en Ek in U, dat hulle ook in Ons een mag wees”

Paulus en Johannes gebruik albei **en** om 'n intieme persoonlike verhouding aan te dui. Let duidelik op die volgende:

- (i) Christus wil hê dat die gemeenskap tussen sy volgelinge van dieselfde aard sal wees (**kathos**) — net soos sy verhouding tot sy Vader;
- (ii) Christus wil hê dat ons moet deel in die gemeenskap wat Hy met sy Vader het.

In die N.T., en veral in Johannes, word die verhouding tussen Christus en sy Vader beskryf in terme van sy gehoorsaamheid aan sy Vader. „Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om My wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het. My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring.” (Joh. 6:38; 4:34; vgl. 5:30; 6:39, 40). Hy was gehoorsaam tot die dood toe, ja die dood van die kruis. „Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is sodat in die naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlijkheid van God die Vader” (Fil. 2:6-11). Dit was hierdie gehoorsaamheid — gehoorsaamheid tot die dood toe, wat die verbintenis van eenheid gevorm het tussen Christus en sy Vader. Hierdie verbintenis is so sterk dat Hy in sy Vader is en sy Vader in Hom. En dis hierdie verbintenis van eenheid wat Hy wil dat ons met Hom en sy Vader en ook met mekaar sal deel.

Maar ons kan hierdie eenheidsverbintenis slegs deelagtig word as ons gehoorsaam is. „Julle is My vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel”. (Joh. 15:14; 1 Joh. 2:3-5; 1 Joh. 3:21-24). En dis sy gebod: „Soos Ek julle lief gehad het, moet julle ook mekaar lief hê. Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, as julle liefde ondermekaar het” (Joh. 13:34, 35; Joh. 5:12; 1 Joh. 4:21; 1 Joh. 5:1-3). Die liefde waarmee Hy ons beveel om mekaar lief te hê moet soos sy liefde vir ons wees, want „hieraan het ons die liefde leer ken, dat Hy sy lewe vir ons afgelê het; en ons behoort ons lewe vir die broeders af te lê. Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom? My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid” (1 Joh. 3:16-18; Jakobus 2:14-17.)

### „sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het”.

Dit is die doel van Christus se gebed vir ons. Dis waar ons ver-

oordeel staan weens die onenigheid onder onself wat openlik aan die wêreld ten toongestel word in kerke wat verbrokkel is in denominasies, in rassegroepe en in sosiale klasse. Omdat ons nie bereid is om deel te wees van die verbondsverbintenis wat baseer is op gehoorsaamheid soos dié van Christus nie — gehoorsaamheid om mekaar lief te hê, nie met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid, en te deel in mekaar se lyding selfs tot die dood toe — het ons 'n **skandalon** vir die wêreld geword wat die enigste **skandalon** versteek wat die N.T. ken — die kruis van Christus (1 Kor. 1:22-24).

Let noukeurig daarop dat Christus nie sê dat die wêreld oortuig sal word deur ons liefde vir hulle nie, maar deur ons liefde „onder mekaar” (Joh. 13:35). Dit beteken dat die Republiek van Suid-Afrika nie sal glo nie omdat ons kerke duidelik en sonder enige sweem van twyfel aantoon — deur ons skeidings in denominasionele, rasse- en sosiale kerke — dat ons mekaar nie lief het soos Christus ons lief gehad het nie — deur te deel in ons lyding selfs tot die dood toe — ja, die dood van die kruis. Totdat ons duidelik en sonder sweem van twyfel die eenheid van die Verbondsvolk bely soos ons dit beskrywe vind in die N.T., kan die wêreld ons nie ernstig opneem en glo dat Christus deur sy Vader gestuur is nie. Waarom sou hulle dit dan glo?

### „die heerlijkheid wat U My gegee het”.

In die N.T. word **doxa** gebruik hoofsaaklik om die Hebreeuse '**kabod**' te vertaal en dit word slegs op sekondêre wyse in die gewone Griekse sin van „opinie”, „reputasie”, „eer”, „aansien” gebruik. **Kabod** beteken “the manifestation of God's being, nature and presence, in a manner accessible to human experience; and the manifestation was conceived in the form of radiance, splendour or dazzling light” (C. H. Dodd in *The Interpretation of the Fourth Gospel*; C.U.P., 1953). In die LXX vertaling van Jesaja 60:1-3 en 58:8 word **doxa** en **phôs** parallel gebruik en verwys na openbaarmaking van die krag van God vir die verlossing van sy volk.



## GEÏGNOREER EN VERWERP

In die vierde evangelie word **doxa** in die Griekse sin gebruik, maar ook in die O.T. sin van **kabhad** (Joh. 1:10-14; 2:1-11; 11:38-40; 12:23-43; 17:1-5, 20-24). Joh. 1:10-14 is 'n algemene verklaring wat betrekking het op die betekenis van Jesus Christus se verskyning met die wederkoms; Joh. 2:1-11 en 11:38-41 beskryf hoe die krag van God openbaar word in die wonderwerk te Kana en die opwekking van Lazarus. Joh. 12:23-43 beskryf (a) hoe die uur aangebreek het vir Christus om verheerlik te word, d.i. vir die krag van God om openbaar te word in die verlossing van sy kinders (12:23-36); (b) waarom die tydgenote van Jesus nie sy heerlijkheid kon begryp nie. Joh. 17:1-5, 20-24 verklaar weer dat die tyd gekom het vir Christus om verheerlik te word (17:1-5) en wys op die oorhandiging deur Christus van sy heerlijkheid aan sy volgelinge (17:20-24).

Die koms van Jesus Christus on sy lewe op ons nietige klein planeet word aldus beskryf as 'n manifestasie van die krag van God vir die verlossing van sy kinders. Hierdie krag word duidelikste geopenbaar in die dood van Christus aan die kruis (vgl. Joh. 12:30-36; 17:1-5; 1 Kor. 1:18-30, veral 1:22-25, Rom. 3:20-26; Fil. 2:1-11; Rom. 1:16-17). So is die kruis van Christus sy heerlijkheid. Hier sien ons die krag van God openbaar gemaak. Dis die heerlijkheid wat God aan Christus gegee het — lyding, vernedering, verwerping, bespottingsdood.

**„Ek het hulle die heerlijkheid gegee.”**

Christus gee aan sy volgelinge die heerlijkheid wat sy Vader aan Hom gegee het — die heerlijkheid van lyding, vernedering, verwerping, bespotting en dood, waarin die krag van God openbaar gemaak word vir die verlossing van sy kinders.

Dis die heil waaroor Paulus roem en waarin hy hom verbly wanneer hy aan sy mede-verdruktes en medewerkers in God skryf. „Ons is . . . erfgename van God

en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.” „Gedurig dra ons die doding van die Here Jesus in die liggaam om, sodat ook die lewe van Christus in ons liggaam openbaar kan word. Want altyd word ons wat lewe, oorgelwer in die dood om Jesus wil, sodat ook die lewe van Jesus in ons sterflike vlees openbaar kon word.” (Rom. 8:17; 2 Kor. 4:10-11; vgl. Rom. 8:35-39; 2 Kor. 2:15; 4:1-6, 11).

Maar hierdie lyding moet nie vertolk word as 'n passiewe onderwerping met moed vir die ontberinge van Christen-discipelskap nie, ook nie as die lyding van 'n sondige wêreld nie. Net soos Christus se lyding en dood doelgerig en verlossingsgewend was, so aanvaar Paulus met blymoedigheid die kruis wat Christus hom bied, want op hierdie wyse kan hy in sy swakke menslike vlees aanvul die „oerblyfsels van die verdrukkinge van Christus vir sy liggaam, wat die gemeente is” (Kol. 1:24).

**„sodat hulle een kan wees net soos Ons een is. Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U my gestuur het en hulle lief gehad het soos U My lief gehad het.”**

Christus gee aan ons sy heerlijkheid — sy kruis — vir dieselfde rede as dit waaroor Hy vir ons bid — dat ons een mag wees soos Hy en sy Vader een is, en dat die wêreld kan weet dat die Vader Hom gestuur het en hulle liefgehad het net soos Hy Christus liefgehad het.

Weereens staan ons veroordeel. Ons het nie slegs sy gebed waarin sy wil vir ons uitgedruk word, geminag nie, maar ons het ook sy gawe verwerp wat ons sal verenig soos Hy en die Vader een is. Ons onenigheid en die wêreld se weiering om ons ernstig op te neem, veroordeel ons as diegene wat sy gawe verwerp het.

Hier moet elkeen van ons sy eie hart ondersoek „want as ons hart ons veroordeel, God is meer as ons hart, en Hy weet alles” — want „ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus die Reg-

(Vervolg op bladsy 13)

## The nature of the Christian faith

(Continued from page 1)

in providing the background against which the affirmation of the Christian tradition can be understood. Natural theology cannot be allowed to become the final arbiter of the interpretation of Christian doctrines — on the other hand without some kind of natural theology Christian affirmations do not possess even an existential, let alone an ontological basis. To discountenance natural theology entirely is to disprove the statements of the Christian revelation of any clue as to their interpretation, and thus we have today the possibility of theologians interpreting Christian language in both a theistic and an atheistic manner.<sup>1</sup> If there is no natural theology, where shall we find a key to their elucidation?

Firstly we will consider briefly the four main types of argument which have been put forward in the past to argue to the existence of God. Two of these, the ontological and the teleological will only receive a summary treatment, because in the writer's opinion, they do not go very far in making probable the existence of the God of the Christian faith. They are fallacious and we cannot easily maintain that these fallacies are of a suggestive kind. The other two arguments, the cosmological and the moral will receive a more extended treatment, not that they prove God's existence, but rather because they are significant pointers to those factors which make the question of God's existence the most important one for human life.

### THE ONTOLOGICAL ARGUMENT

In very general outline, the ontological argument amounts to this — that to conceive of an all perfect being, we must think at the same time, of such a being existing. A being which has all the attributes of perfection (in itself a very difficult concept) and is non-existing would be inferior to a being which possessed such attributes and which did exist.

(Please turn page over)

## The nature of the Christian faith

(Continued from page 3)

Therefore, the exponent of the ontological argument would maintain that the very notion of an all perfect being implies that we think of Him as existing.

Most unphilosophical people, once this argument is put to them, feel that there is a catch in it somewhere, even if they find it hard to put their finger on it. The fallacy lies basically in treating 'existence' as a predicate. To say a concept 'exists' does not give it an extra attribute, and it is only the similarity in form of 'exists' to really attributive verbs which has led to this confusion. If we are to say anything positively in regard to the ontological argument it is that it bears witness to the fact that men find it hard to accept that their standards of value are merely mental constructions. It tells us something about human nature, but nothing about the possibility of a divine being.

### THE TELEOLOGICAL ARGUMENT

The teleological argument is the one generally resorted to by the man in the street when he is asked why he believes that there is a God. 'Look at all the wonderful contrivance in the natural world,' he replies, 'all the order in the universe; you don't mean to tell me that all that came into being without an intelligent Creator'. Unfortunately, this argument encounters overwhelming difficulties.

In the first place, it is possible to conceive how the vast intricacies of the natural world have come about without reference to any notion of conscious creation — it seems reasonably certain that random mutations and natural selection over a long period of time will account for the marvellous adaptations we meet in the world of living organisms.

In the second place, do the adaptations we meet, bear witness to a Creator of infinite wisdom? Could it not equally, as Hume suggested, testify to a god who was losing his grip, or an

immature deity who as yet had not fully learned his trade?

Thirdly, what sort of moral qualities does the organization of creatures in the natural world suggest that we might find in their Creator? Do we not discover wonderful adaptation in the **anopheles** mosquito which makes it an extremely proficient disseminator of malaria, or in the liver-fluke, which enables it to become an efficient and destructive parasite on organisms which by any generally accepted standards we would regard as higher? Could not the adaptations we find in the natural world be the products of two deities, an evil and a good one who were inexorably opposed to each other, or even of many gods not living altogether in harmony?

If this argument does indicate something it is certainly not about the nature or existence of a Creator, but rather that men feel the wonder of the natural order asks for an explanation in personal terms. Once again, the value of the argument lies in its illumination of a certain aspect of the psychology of human belief, not in what it purports expressly to do.

We now pass on to two more important arguments: the cosmological and the moral, which in my opinion possess far more significance than those which we have already considered.

### THE COSMOLOGICAL ARGUMENT

The cosmological argument is often presented in a very inadequate form which runs somewhat as follows: everything which we encounter in the world is caused by something else, and that something has also its own particular cause. Such a process cannot go on for ever — therefore, there must be some Great First Cause, which is but another name for God.

Presented like that the argument is far from convincing — why should the causal chain stop? could it not go on for ever especially as we have no overwhelming reason to prevent us from regarding the universe as infinite? At the best, the type of deity such an argument presents to us is but of a crude deistic variety.

The argument, however, can be made in far more profound form. All entities which we know are contingent; there is no reason why they should be; they are all dependent upon other entities for their existence and these entities in their turn bear the same contingent character. Whatever we may say about them, we must declare about all of them that they do not bear the reason for their own existence. The reason for their existence, if there is one, must be received from outside.

Now an exponent of the cosmological argument would then go on to say that contingent beings must receive the reason for their existence from necessary being — that being whose existence explains and justifies itself, and such a being can be no other than God.

This argument, though it does not demonstrate the existence of God, does show us something of the utmost importance — all entities with which we are spatially related do not provide the reason for their own existence. Looking at them as a whole, they could equally have not existed — there are reasons for every individual entity, but no reason as to why there is anything at all — unless there is necessary being. Here we meet the very mystery of being, which has perhaps been as well expressed in modern times, not by a Thomist but by Ludwig Wittgenstein: 'not **how** the world is, is the mystical, but **that** it is.'<sup>2</sup>

Now it can be argued that this sense of the contingency of being is not felt by the majority of people, that most of the time we are only concerned with the immediate reasons for the existence of the entities which surround us, and that we are not overwhelmed with the question 'why is there anything at all?'

Some would dismiss this latter question as illegitimate — but on what grounds? That it is incapable of solution? possibly, but are the grounds for such rejection logical or empirical? If the question is not a contradiction in terms (which would be hard to demonstrate), there is always the possibility that some kind of evidence would lead to its solution. It is therefore an open one and we

(Continued on page 16)



## Inleidingsartikel:

## „Wie nie teen ons is nie, is vir ons”

Elkeen wat aan die Christelike Instituut van Suidelike Afrika en die blad **Pro Veritate** liberalistiese en kommunisties-geïnspireerde motiewe en oogmerke toedig, doen mee aan wat seker die mees diaboliese leuen genoem kan word wat daar tans in ons Christelike volksgemeenskap versprei word.

Konstitusioneel stel die Instituut hom dit ten doel om die kerk van Christus op alle moontlike maniere te dien, en in die praktyk het hy nog niks anders as dit probeer doen nie.

'n Beter diens kan daar stellig ook nie in die teenswoordige situasie aan die kerk van Christus in Suid-Afrika bewys word — hoe aanmatigend so 'n stelling ook mag klink — as om Christene na die Skrif alléén te probeer (terug-)lei sodat hulle (weer) kan leer om na die Skrif alléén te luister as die hoogste en enigste bron van kennis aangaande die wil van God met ons lewe nie. Daarby leef in die Christelike Instituut die oortuiging dat die wil van die Here nie alleen geken moet word nie, maar ook gedoen moet word.

'n Afwerende teenworsing dat hierdie diens 'n self-opgelegde, ongevraagde en daarom onwelkome diens sou wees, mag 'n vraagteken oor die bestaansreg van die Instituut (en **Pro Veritate**) plaas, wat egter op sy beurt dadelik bevestig word deur die feit dat die bestaan van sowel die Instituut as die blad reeds op 'n meer as menslike wyse geregverdig is. Die bewyse is daar dat dit in 'n dringende behoefte voorsien. Aan die positiewe kant staan daar, om enkele voorbeelde te noem, die groeiende getal gelowiges wat aan die Bybelstudie-kring deelneem, die toenemende steun wat aan die Instituut sowel as die blad verleent word in weerwil van alle verdagmaking, die „geopende deur” na die separatistiese-groepe om 'n diens te lewer i.v.m. beter teologiese skoling vir hul predikante. Aan die negatiewe kant is daar die groeiende, onredelike verset wat, juis omdat dit die beskuldiging teen die Instituut en **Pro Veritate** met geen enkele argument wat aan die Skrif of die belydenis ontleen is, kan staaf nie, maar intendeel van klaarblyklik valse argumente gebruik maak, nie anders beoordeel kan word as 'n bewys daarvan dat die vinger op die seerplek gelê is nie. Die onheilspellende tekens dat die Christelike denke in ons volkslewe reeds ver heen besig is om in die gevaarlike woeker van Bybelvreemde idees vasgerank te word, word in skreeuende tone bevestig.

Hierdie laaste gevolgtrekking is nie hooghartig bedoel nie. Dit stem ons tot droefheid, tot skuldbesef en tot ootmoed. Nie 'n enkele lid van die Instituut mag of wil hom in selfregverdiging daarvan distansieer nie. Die gedagte om „uit die kerk” te gaan, is ook strydig met alles wat die Instituut beoog. In sy konstitusie veronderstel hy 'n besliste trou van sy lede aan hul kerkverband en belydenis.

(Vervolg op bladsy 14)

## Editorial:

## For the record

Because the controversy surrounding the Security Police's search of the offices of the Christian Institute and the home of its Director has received so much publicity and has not yet come to an end, it is necessary to get some of the facts straight "for the record."

● On the 2nd June the Head of the Security Police granted the Chairman of the Board of Management and the Administrative Director of the Christian Institute an interview in the course of which he stated categorically that the search was **in no way** connected with the work of the Christian Institute, but was occasioned by the fact that an article in the February issue of **Pro Veritate** had mentioned the title of a banned publication.

● The Head of the Security Police is also aware of the following:

- (i) that immediately after he had pointed out to the Editor of **Pro Veritate** that the abovementioned article contravened the Publications and Entertainment Act, No. 26 of 1963, instructions to withdraw this issue of the paper were given by the latter;
- (ii) that the offending title was cut out of all the remaining copies of the February issue of **Pro Veritate**;
- (iii) that the offending title was also cut out of **Die Kerkbode's** editorial which had been reprinted in the February issue of **Pro Veritate**;
- (iv) that the Security Police had searched the offices of **Pro Veritate** when they became aware of the abovementioned contravention, and had been assured that the publication in question had not been received by any member of the staff or Editorial Board; and
- (v) that **Pro Veritate** issued a statement in the March issue explaining how this **bona-fide** contravention of the law had occurred and both giving the assurance that it was its intention to continue to operate within the law and re-affirming its conviction that violence is totally incompatible with the life and teaching of Christ.

● In spite of all these steps the offices of the Christian Institute and the home of its Director were searched by the Security Police on the 7th May.

● The Editor and Editorial Board of **Pro Veritate** wish to state categorically that they regard it as the duty of the Security Police to investigate any contravention of the law, but cannot understand what motivated the search of the 7th May.

# DIE KERK BUITE SUID-AFRIKA

— PROF. B. B. KEET.

**Twee van die wêreld se leidende kerkmanne het onlangs samesprekinge gehou in die stad Pennsylvania, V.S.A. Hulle is die bekende dr. Martin Niemöller van Wiesbaden, Duitsland, oud-duikbootkommandant van die Eerste Wêreldoorlog, en dr. Eugene Blake, algemene Skriba van die United Presbyterian Church, V.S.A. Die bespreking het gegaan oor al die belangrike vraagstukke wat die kerk van vandag besig hou: eenheid, rasseverhoudinge, armoede, en die kerk se roeping in verband met politiek, ekonomie en evangelisasie.**

Uit *Presbyterian Life* neem ons enkele gedagtes oor wat ten aanhore van byna 3.000 hoorders uitgespreek is.

Hulle het saamgestem dat die wêreld vandag verwag dat elke Christen en sy kerk die inisiatief sal neem in 'n verskeurde wêreld om 'n wêreldwye gemeenskap te bou waarin daar algemene sorg vir die naaste betoon sal word, of hy nou swart of wit of tussen-in is, om die hoek woon of kontinente ver verwyder is. Die roeping van die kerk mag nie verloën word deur sy lede hulle te laat vasklem aan die gesellige haard van hulle huisgode nie, of hulle rug te laat draai en hulle besig te hou met denominasionale spel op 'n oomblik in die geskiedenis wanneer die omsingelde strydende kerk roep om die verenigde bevelvoering van Jesus Christus ten einde die magte van ateïsme, skeptisisme, haat en verwarring in alle dele van die wêreld, op alle terreine van die menslike lewe die hoof te bied. In ons tyd, het dr. Niemöller gesê, het ons opnuut tot die besef gekom dat die Christelike kerk hom nie tot die mens se godsdienstige behoeftes moet beperk nie; die kerk het hom in hierdie rigting laat verlei en by name waar dit 'n staats- of min of meer nasionale kerk geword het, homself beskou as alleen verantwoordelik vir sy lede se verhouding tot God en sy bo-sinnelike wêreld en lewe.

**Oor die wêreldwye sending:** Christus kan nie uit 'n oorvloedige vrygewigheid as 'n pakket uitgevoer word nie. Vandag word Hy deur die wêreld ontvang slegs namate dit duidelik blyk dat ons, sowel as hulle, Hom nodig het. **Oor Christelike eenheid:** die ekumeniese beweging gee ons die geleentheid om moedig voort te gaan, nie slegs oor die politieke en geografiese skeidings van 'n verdeelde wêreld nie, maar ook oor die verdeling van die kerk in alle plaaslike omgewings waar Christene

woon en werk en getuig. **Oor rasseverhoudinge:** kerkmanne word aangemoedig om ruil-besoeke tussen blanke en Negerkerke te reël, om die tafels in ons eie huise te desegreger en aktief deel te neem aan die beweging om burgerregte te verkry. Die besluit word nie aan onself oorgelaat nie; ons moet handel as lede van dieselfde familie, ongeag wat ons klem is.

**Politiek en ekonomie:** die kerk mag nie slegs die godsdienstige deel van die bevolking dien nie. Christene moet alle terreine van die lewe dien, sodat die grondtoon van diens aan ander mense deur heel ons beskawing gehoor sal word. So weinige in ons samelewing is gewillig om Jesus Christus te erken as Here, ook van ons ekonomie en politiek.

Samevattend was die konklusie waartoe hulle gekom het: „Die Kerk van Philadelphia, en van enige ander stad in die wye wêreld, mag hom nie langer isoleer nie. Ons mag nie bly staan waar ons is nie, waar ons in vrede gevestig het en veilig voel nie. Die kerk moet die versoeking oorwin om hom van die bron van sy lewe te verwyder en sy eie weg te gaan wat vir 'n tyd slaag, maar enkel in verydeling, eensaamheid en dood kan eindig.”

## VISSER'T HOOFT OOR DIE EKUMENE

In 'n toespraak voor die vergadering van die Westelike Streeksinode van die Evangeliese Kerk in Duitsland, gehou in die Pauluskerk, Frankfurt, het Dr. Visser 't Hooft die stand van die ekumeniese beweging tot op datum soos volg geteken: Vir die huidige situasie sê hy dat dit hom herinner aan die woorde van Jesus in Matt. 11:17: „Ons het vir julle op die fluit gesneel, en julle het nie gedans nie.” Hy waarsku vir 'n siarmante ekumenisme en vir 'n te ruim en oppervlakkige gebruik van die woord eenheid, 'n

woord wat veral begryp moet word in die Nu-Testamentiese sin van gemeenskap. Daar moet meer Bybels en minder moralisties oor hierdie begrip gedink word. „Gemeenskap behoort tot die wese van die volk van God — in die twintigste sowel as in die eerste eeu.”

Die optimiste sowel as die pessimiste het, volgens hom, 'n eensydige oordeel oor die ekumeniese beweging. „Ons tekortkominge sou nie so ernstig wees as die behoefte nie daar was nie. Die resultaat wat ons beoog is die rede waarom ons geen genoeë kan neem met die huidige situasie nie.” Daar is wel resultate wat genoem kan word, maar dit is nog nie oral sigbaar dat die tyd van eenheid gekom het nie. Hy het op sy hoorders 'n beroep gedoen om die vrees te oorwin dat volle gemeenskap uniformiteit, magskonsentrasie en onderdrukking van mindere beteken. 'n Gemeenskap mag ook nie gehinder word deur allerlei bindinge van politieke of rasse-aard nie.

**Slotgedagte:** Ons moet liever nie spreek oor 'my' of 'ons' kerk nie, maar alleen oor 'Gods Kerk'.

## VERENIGDE STATE:

**Persbureau der Ned. Herv. Kerk** gee die volgende verslag van die demonstrasie vir burgerregte in Amerika: Die protesaksies onder leiding van dr. Martin Luther King in die stad Selma, Alabama, het groot aandag getrek. Die eerste opmars is deur die polisie met geweld tot stilstand gebring waarby 'n twintigtal persone gewond is. 'n Oproep deur dr. King tot kerklike leiers in die hele land om te kom help het groot weerklank gevind. Onmiddellik het meer as 500 geestelikes en leke hulle aangemeld vir deelname aan die tweede opmars om aandag te vestig op die verkryging van stemreg vir die Negers. Hierdie reaksie teken die diepe simpatie aan van alle godsdienstige rigtinge met die stryd om menseregte. Die tweede opmars het ook nie sy doel bereik nie. Die 500 kerklike leiers, blank en swart, afkomstig uit Protestantse, Rooms-Katolieke en Ortodokse Kerke en uit die Joodse gemeenskap saam met 1.000 Negers uit Selma, is deur die polisie sonder verdere geweldpleging teëgehou. Die demonstreerders het hulle rustig versorei nadat hulle op die publieke weg gebid het. Die vreedsame ont-

(Vervolg op bladsy 13)



# UNITY AND EVANGELISM IN "SEPARATE DEVELOPMENT" SOCIETY

— THE RT. REV. B. B. BURNETT, Bishop of Bloemfontein.

**Our unity in Jesus Christ is not something we can choose to be enthusiastic about or not, as the case may be. Unity in Christ is not something that is optional at all. It is not something which would be rather nice to have, nor is it something we must create. Those who believe in Jesus Christ and who are baptised in His Name, believe that unity is a given factor and that it is of the essence of the Church and of Christian life.**

## GOD'S GRACE

This means that the Church is a unity created by God. The Church is a unity (fellowship) of believers who are reconciled to God. Our Unity comes from the nature of God who is Trinity in unity. His love comes to meet us in Jesus Christ, and through Him we all are forgiven, renewed, accepted, reconciled to God. But because Christians have the mind of Christ they are instruments of His reconciling love; instruments to create unity among men. Their mission is to reconcile men to God and to one another in Jesus Christ. Their mission is to be ministers of unity.

Unity is effected among us by Faith and Baptism. By this means we are placed within the priestly body and identified with Jesus Christ and all others who are in Christ. Thus we have the mark of our unity indelibly scored upon us by Baptism. It is this unity which Christians are being summoned to express anew in the life of the Church and of Society.

## RECONCILIATION

By our unity we preach Christ. Because our unity finds its source in Christ's redeeming work, we preach by it of man's need to be redeemed and reconciled to God, and we demonstrate, by our fellowship in Christ, that Jesus Christ is indeed the One in whom men are created anew. Our unity in Christ points to human impotence to express reconciliation in his fallen nature, precisely because it is in Christ alone that reconciliation is possible. It must also point to the power of our Lord through the Holy Spirit to effect what He took flesh to do.

We need to take more seriously the prayer of our Lord Jesus Christ that all his disciples should be united **"that the world may believe"**. Christian unity is the witness to the reality of what has happened in the world through Jesus Christ. The fact that the Holy Spirit of God is able to create a brotherhood that comprehends social, cultural, ethnic and linguistic differences, is a witness to the Grace and Power of God. The more diverse are the elements which God the Holy Spirit holds together in Communion with one another in the Son of Man, the more is God glorified.

Our mission is to draw all men together in Jesus Christ in order that there should be offered to the Heavenly Father a "being-made-perfect" — a "being-reconciled" — humanity in Jesus Christ. The New Testament conception of perfection is surely not of a holiness in splendid isolation. For Christians, perfection is perfection, or holiness, in community. The perfection of the flock is impaired by one sheep lost. The whole necklace is impaired if one coin is lost. Where love is the driving power, holiness can only be expressed in community and particularly in relation to those who are of the household of faith, whoever these may be.

## OUR SOULS' WELFARE

Without it we cannot be consistent Christians, for we should not deny in practice the unity which God has bestowed upon us by Faith and Baptism.

In point of fact our given unity has a far wider reference even than Baptism. Baptism restores a prior given unity which is overlaid and defaced by Sin. There is a prior unity: the unity that we have as "Adams" created by the One Lord.

We have a unity by creation. This unity of which we are speaking is all embracing. It is a unity not only established in the creation — for we are one species of Adam — but it is also a unity re-established by the new act of creation by the Second Adam, Jesus Christ. All rule and authority are given to Him — the Proper Man. Despite present disobedience this is the domain of the one Lord. The Universe has one Master and one consistent purpose. It has one source of meaning and one source of redeeming power. The Kingdom of God is one Kingdom. This unity is focussed in the one New Man, who is the first fruit and the means of the new creation, namely Jesus Christ.

## THE WORLD

The world does not understand that the Church is God's instrument to create reconciliation and unity.

This is not surprising because although this is God's world, it is also a corrupted, spoiled world. It is Babel. But the Church must bear a heavy load of responsibility for this misunderstanding. The Church is under judgment for her failure to preach Christ by her unity in faith and love. We are not responsible for the schisms that have destroyed the unity of the church, but we, and our fathers, are under judgment for our comparative indifference to the disunity of the Church. Even now in this ecumenical age I suspect the majority of those who are called to minister to Christian flocks have no sense of urgency about the Church's need to respond to our Lord's Prayer for unity among His disciples. It is not at all surprising therefore that the world — that the State — should suppose that unity is a matter of indifference to the Church.

The desperate need for the renewal of the Church through unity in Christ, means not only stretching out hands of understanding and love to Africans and Coloured people

*(Please turn page over)*

# Unity and Evangelism in "Separate Development" Society

(Continued from page 7)

and sharing in worship and fellowship with them at the table of the Lord. It means also stretching out hands of love and seeking unity in worship with Christians of other Communion than our own. These are one issue. It is simply that the Gospel of Jesus Christ demands and creates unity.

The witness of the Church to fellowship in Christ of both Black and White will continue to be the flabby half-hearted thing it is, until the Church has a conviction that its nature and purpose demands that all Christians must be in communion with one another. Worshiping and studying with black Christians is not really an issue apart from the need for Methodists and Anglicans to be able to meet at the Altar of God.

The judgment on us for our indifference to God's will for the unity of His Church is perhaps expressed by the way in which the world has taken our "witness" seriously. Our witness is that it does not matter for Christians to be separated in worship or fellowship. This is what our Church life proclaims. We say, by our continued separation, Christ is divided and I don't much mind. It really is not to be wondered at that the world should now be surprised that we make a fuss when the state seeks to separate Christians from one another by law. We have asked for it, and we still ask for it by our damnable indifference to the prayer of the Saviour for our unity.

## CHURCH AND STATE

How do we relate the Gospel of reconciliation in the One New Man, Jesus Christ, to life in "Separate Development" Society?

What must we say and do about the unity which is Man's by creation — a basic unity which is not destroyed by divisions caused either by sinfulness or differences in culture and heredity — in "Separate Development" Society?

To suggest answers to these questions requires a quick glance at the

responsibility that the Church and the State bear towards one another.

It sometimes looks as though there are conflicting views about the relationship of the Church with the civil authorities in the New Testament. This is not really the case if one bears in mind that Church and State function in two separate but related spheres in society. The concern of the State is the "temporal common good". It is not directly concerned with securing the eternal welfare of the members of Society. It must use its legislative and coercive power, however, to protect that which is for the welfare of civil society. The function of the State is to secure a framework within which the Good Life can be lived. It does not itself seek to plan for every facet of life in Society but provides the security and the structure of law that will make possible the liberty and peace and justice needed for the full life of citizens and associations of people within the State. Among other things it will provide a framework within which citizens may associate freely for religious purposes.

Although the Roman Empire to which Saint Paul enjoined obedience was an Imperial Dictatorship, it nevertheless provided security and a reasonable degree of justice. It served the temporal good of humanity. Christians are rightly expected to pray for and to obey the civil authority which exists to be a bulwark against avarice and lawlessness. It protects the weak from the strong, and provides an opportunity for an ordered and civilised life. Christians should pray for and obey the civil authority even when it does not in every respect use its power for the common good, for the advantages of order are not lightly to be tossed aside.

It is significant, however, that the author of the Book of Revelations takes a quite different line about the State. The State has become the Enemy. The Empire is now Satanic. The reason for the change is to be seen in the persecution of the Church by the State. The civil authority in the person of Domitian not only persecuted the Church but had moreover claimed divine honours. The civil power had gone beyond its function of securing the temporal good of Society and claimed for itself an ultimate significance and entered the domain of religion.

The legal and coercive power of the State has limits then. It does not exist for itself but to protect and preserve the interests of its citizens individually or in association with others. Society and the State are realities willed by God, and the citizen may not act in contempt of the common welfare. But the power of the state is neither unlimited nor arbitrary. This is so because Everyman (Adam) has a dignity conferred on him by creation. He is made to enjoy a relationship with God. The dignity which is his by creation is confirmed and reasserted by his redemption and his relationship in Jesus Christ with the Heavenly Father. He is a son of man, formed after the pattern of the Son of Man and he is being restored to conform with the life of the Proper Man Jesus Christ. He has loyalties and responsibilities, therefore, and potentialities, which go far beyond temporal responsibilities of the State. These do not fall within the competence of the civil power. The State ought to recognise such supra-temporal obligations and protect men in the exercise of them. Among these are personal relationships, such as the choice of friends, the choice of a life partner, the bringing up of children, cultural interests, and, of course, the relationships created by the exercise of religion.

The Church meanwhile is not merely a disembodied spiritual phenomenon but, according to the Gospel, is bound to have a social expression. Our redemption is not in isolation. It is not for individual separate Adams but for all humanity and even, according to Saint Paul, for the whole creation. The Gospel creates a brotherhood of believers with a vocation to claim all the world for Christ. It is therefore a community which cannot withdraw from Society into a 'ghetto'. It is expected to be a leaven mixed with Society for its good and for the redemption of all men.

Thus the Christian and the Church cannot be isolated and set apart from the ordinary life of the human community. The human community cannot consider religion as something foreign to its life. There is an inevitable inter-relation. But although the Church claims the liberty to proclaim the Gospel for the salvation of all men and the renewal of human Society, she cannot herself employ the methods and coercive



# Unity and Evangelism in "Separate Development" Society

power of the State to achieve her ends.

The Church thankfully receives the blessings of peace and an ordered life at the hands of the State, and seeks by her charity and obedience to God to encourage Society to conform as much as possible to the will of God. She does this by the witness of her own life and by her witness to the need for Social justice, and of course, by the participation of her sons in the political life of the State.

In rendering to Caesar what is quite properly Caesar's, and because she has a responsibility to Society, she must adapt herself to the conditions of the Society in which she finds herself as long as this does not mean being deflected from accomplishing her vocation. But because she has a primary loyalty to God, and a supra-temporal reference in addition to her concern for the welfare of men in Society, the Church can never be permitted to become the handmaid of the State or of pressure groups within the State. She must retain her freedom to be first the servant of God. She must be free to speak to men both of Grace and of Judgment.

Christians cannot lightly shrug off their responsibilities to the State. Ordered Government, even if this is the product of a one party state or a Dictatorship is to some degree a blessing. Chaos and the preying of the strong upon the weak would be far worse than the security of a relatively unjust Society. For this reason, Christians will withdraw their obedience to particular laws only with the greatest reluctance and only in the conviction that no other way is left open to them.

On the other hand, the State should not only provide the framework in which the Church can freely make her witness to God's Eternal Kingdom, but it must be careful not to usurp the functions of the Church; nor should it use the Church as a political pressure group, or espouse ideological idols that become in some degree a substitute for the Church.

## EVANGELISM

The Church has a vocation to present to the Heavenly Father a humanity redeemed and reconciled in Jesus Christ. How can she carry out this vocation in "Separate Development" Society?

**How will she do her duty in supporting the State to achieve the greatest possible temporal good?**

(1) She will bear witness to the fact that Christian citizens insist that love must find its social expression in justice. The love of Christ constrains her to be concerned about the temporal welfare of all men.

(2) She must bear in mind, however, that it is impossible for the State to govern with love. The authority of the State rightly expresses itself in the use of power and even force for the protection of Society. All that the Church can ask for is the greatest degree of justice consistent with the stability and safety of the State. Justice may mean equality before the law and equality of opportunity (but it does not necessarily mean, for example, equal voting rights, for in some circumstances this might endanger the stability of the state).

(3) She will thank God for the security and a measure of justice provided by the State and will encourage her members to be loyal to the State.

